# Ps 119:33-40 DIE WOORD EN ONS LEWE

AGTERGROND
Die woord **"psalm"** beteken oorspronklik *'n lied begelei deur snaarinstrumente*. Ons weet almal dat Ps 119 die **langste psalm** is, maar weet ons hoekom? Daar is 'n paar moontlike redes.

Een daarvan is dat dit oorspronklik geskryf is as **die slot** vir die psalmbundel. Soos Psalm 1 die **inleiding** tot die Psalmbundel is, moes Ps 119 die **samevatting** daarvan wees. Dit was voordat die volledige Psalmbundel van 150 psalms saamgestel is. Albei hierdie psalms (1 en 119) handel oor *toewyding aan* die ***tora*** of wet van die Here en die *voordeel* wat daaruit spruit vir die gelowige.
Feitlik **elke versreël** van psalm 119 verwys na die wet vd Here. A**g verskillende woorde** word daarvoor gebruik: wet, *woord vd Here, verordeninge, bevele, voorskrifte, gebooie, bepalinge* en *beloftes*. **Saam verwys** al hierdie terme na die volledige "Bybel" soos wat dit in die skrywer se tyd bestaan het. Baie frases in die psalm is inderdaad **direkte aanhalings** uit ander dele van die Psalmboek of die OT. Daarom het sommige mense dit al as 'n **"bloemlesing"** beskryf wat uit ander dele van die Bybel saamgestel is.

'n Ander **interessante rede** waarom die ps so lank is, het met die **opbou** daarvan te doen. Die eerste ag reëls vd psalm begin al ag met die eerste letter van die Hebreeuse alfabet; die tweede ag reëls weer almal met die tweede letter en so hou dit aan tot die laaste letter van die Hebreeuse alfabet. (Spasies - vergl vorige vertaling: Alef, Bet, Gimel, Dalet, He tot by Tau). Die Hebreeuse alfabet het 22 letters en 22x8 gee vir jou 176 verse.
Waarom spesifiek **8 reëls per strofe**? Agt is gereken as die *voltooiing of afronding* van die getal sewe. Die digter sê bv self in die psalm dat hy die Here *"sewe maal per dag*" loof (:164, lett vertaling). 'n Agtal gaan nog *een stappie verder*.

Anders as baie ander psalms, is Ps 119 dus **nie 'n spontane uitstorting** van die hart nie. Dit is eerder soos 'n stuk *borduurwerk* wat met liefde en sorgsaamheid stekie-vir-stekie uitgewerk is (*kunsgedig*).

LEES VERSE 33-40

ONS BENODIG DUBBELE BYSTAND
Die digter begeer om **geestelik te groei**, maar besef sy afhanklikheid van God daarvoor. <u>Begeer u nie ook om geestelik te groei nie</u>? Dit is nie iets wat 'n mens in *eie krag* vermag nie. God moet jou daarmee help, anders is dit 'n verlore stryd. Ons het sy **insig** en sy **krag** nodig.
Iemand noem dit die ***"double assistance"*** van die geloof: dat ons **denke verlig** sal word om *die regte weg te ken* en dat ons **die motivering** sal ontvang om daardie weg *te bewandel*.

Die psalmis vra die Here in :34 in die <u>*eerste plek*</u> om hom **insig** te gee sodat hy sy wet kan gehoorsaam. Die vorige vertaling van vers 33 lui: *"Here, **leer my** die weg van U insettinge"*. Dit sluit aan by vers 18 waar hy vir God vra *"Maak my oë oop"*.
Al het ons die Woord van God nou al 75 jr in ons eie taal en boonop in verskillende Afrikaanse vertalings, moet God nog steeds ons geestelike oë oopmaak sodat ons dit

reg kan verstaan. **Paulus** herinner ons in Rom 12 daaraan waar hy skryf: *"... laat God julle verander* ***deur julle denke te vernuwe, dan*** *sal julle kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."* <u>Ons kan nie onsself onderrig nie</u>. Gelukkig dat ons vandag **die HG** het as Leermeester. Jesus het na Hom verwys as die Een wat *"ons alles sal leer en herinner aan alles wat Christus vir ons gesê het*" (Joh 14:26) en wanneer Hy kom, *"die Gees van waarheid, sal Hy ons in die volle waarheid lei"* (Joh 16:13). Behalwe die Woord wat deur die werking van die HG **geskryf** is, het ons ook die HG nodig om dit te kan **verstaan en toepas**.

Ons kan in die <u>**tweede plek**</u> die smal pad net bewandel deur die **Here se krag:** *"Laat my wandel volgens u gebooie ..."* **(vs 35)** Dit sluit aan by Fil 2:12 en 13: *"Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig* ***en bekwaam*** *maak om sy wil uit te voer."* In die VV lui dit: *"... werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."* Ons werk, maar eintlik is dit God wat deur ons werk; God werk, maar ons werk ook. Dit is soos **Spurgeon** sê: *"Grace does not treat us as stocks and stones, to be dragged by horses or engines, but as creatures endowed with life, reason, will and active powers, who are willing and able to go of themselves if once made to do so. God worketh in us, but it is that we may both* ***will*** *and* ***do*** *according to his good pleasure."*

DIE WOORD IS 'N KOMPAS OF GPS
Die psalmis vra in :36 *"U verordeninge, laat die my na aan die hart lê".*
Wanneer God se verordeninge vir ons *na aan die hart lê*, is dit nie iets vreemds wat **van buite af** op ons afgedwing word nie. Die Here beloof in Jer 31 om dit vir sy volk **iets innerliks** te maak*: "Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart..."* (Jer 31:33) Wanneer die wet op ons harte geskryf staan, het ons dit *ons eie gemaak*, dan WIL ons daarvlgs lewe, dan het dit by ons 'n **innerlike oortuiging** geword. Ek ervaar dit dan as 'n kompas, 'n GPS, en nie as boeie nie.

Die psalmis ken die verleidelikheid van die **rykdom.** Die begeerte om ryk te wil wees is baie sterk en baie algemeen. <u>Wie van ons wil NIE ryk wees</u> <u>nie</u>? Sug nie saam met **Lukas Maree** as hy sing *"Ek sou kon doen met 'n miljoen"* nie! Hierdie wens **kan sterker wees** as enige ander begeerte. Dit is egter nie soos wat dit hoort nie en soos wat die psalmis dit wil hê nie. Daarom dat hy vra: "*U verordeninge, laat dié my na aan die hart lê, nie die begeerte om myself te verryk nie."* (:36)
Die begeerte na besittings is dikwels 'n **ernstige belemmering** in geestelike groei. Daarom behoort ons as kinders van God **te bid** dat God sy begeerte na die Woord, eerder as na rykdom by ons sal aanwakker. Vlgs sommige is DIT **die tema** van hierdie ag verse: Ware vreugde is net by God te vind, nie in rykdom nie!

DIE WOORD GEE VREUGDE
Die psalmis bid in vers 35 "*Laat my wandel volgens u gebooie, want daarin vind ek vreugde."*
<u>Die Bybel is nie 'n boek vol reëls om ons lewe aan bande te lê nie</u>. God het dit aan ons gegee sodat ons **gelukkig** kan wees. *"The torah is no burden, but a mode of joyous existence... The commandments liberate and give people space in which to be human."* (Brueggeman) Dit word vertel dat 'n **Amerikaanse middestad-Laerskool** die heining om die skoolgronde verwyder het. Toe gebeur daar iets baie interessants. Waar die kinders vantevore die hele speelterrein tot teenaan die heining vol gespeel

het, was hulle nou bang en onseker en het hulle nou dig teen die skoolgebou gebly. Reëls skep vryheid en geborgenheid. (LSD nodig – Liefde, Sekuriteit en Dissipline)

ONS AANBID GOD, NIE DIE BYBEL NIE

Sr en br, die opskrif bo-aan die psalm is *U woord vergeet ek nie*. Dit gaan in Ps 119 oor die **Woord van God**. **Hoe nb** die Bybel as God se Woord egter ookal is, is dit **nie God nie**. God *openbaar* homself daarin aan ons, maar dit *is nie Hy nie*. Daarom moet ons ook **waak** daarteen om dit nie te *verafgood* nie. Ons *aanbid God*, nie die Bybel nie.
Daarom is dit ook nie **heiligskennis** om te erken dat daar *foute* in die Bybel is nie. Om te sê dat die Bybel *onvolmaak* is, wil nie sê dat GOD onvolmaak is nie. Die **Bybelskrywers** het wat hulle geskrywe het nie lett net so woord-vir-woord van die HG ontvang nie. **Kom woon** gerus die reeks oor hoe om die Bybel self te verklaar by as u meer hieroor wil weet!

JESUS IS DIE VLEESGEWORDE WOORD

Die **ev vlgs Joh** vertel ons dat God se Woord op 'n goeie dag tussen ons **kom woon** het (Joh 1:14). Jesus, die **vleesgeworde** Woord van God, was self ook God wat mens geword het. Hy het God verder en duideliker aan ons kom **openbaar**.
Daarom is JC vir ons alles wat die tora vir die skrywer van Ps 119 was – en baie meer. Dit is juis omdat ons Hom, die *vleesgeworde* Woord, so liefhet dat ons die Bybel, as God se *geskrewe* Woord, ook soos hierdie digter liefhet en bestudeer.

Ten slotte: Die psalmis bid in vers 37: *"Weerhou my van 'n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys."* **Die weg** wat God in sy Woord vir ons aanwys, is **Jesus**. Jesus is die *Weg, die Waarheid en die Lewe* (Joh 14:6).
Wie HIERDIE Weg bewandel se lewe sal **nie nutteloos** wees nie!

GEBED

Bid vers 33-40 as 'n gebed van die gemeente ('n funksie vd psalms).

GESELS

1. Hoe voel jy oor die Psalms?
2. Verkies jy 'n meer letterlike (digterlike) vertaling of 'n meer verstaanbare een daarvan?
3. Dink jy 'n gebed behoort altyd spontaan te wees (teenoor 'n uitgeskryfde een bv.)
4. Waar dink jy loop die grens tussen wat God doen en wat ek doen? Doen 'n mens ooit iets op jou eie? (Kyk weer na Spurgeon se woorde)
5. Hoe voel jy oor reëls?
6. Probeer om as groep saam 'n gebed te formuleer wat aansluit by julle gesprek.
7. Bid ook asb. gereeld vir ons sendelinge.